# Ontmoet jou Hoof

## Juffrou Leoni

### Bietjie meer van myself.

Ek is hierdie jaar al 17jaar deel van Palet se bestuur en die afgelope 8 jaar die eienaar en hoof. Ek is gelukkig getroud vir 22 jaar en het 3 kinders, een seun (19jr) en twee dogters (15jr en 12jr) wat almal in Palet groot geword het. My seun was die eerste kind in Palet en is tans 'n eerstejaarstudent in Stellenbosch. Palet is deel van my en my gesin se DNA en ek poog elke jaar om 'n platform te skep waar ons die beste vir elke kindjie en gesin kan gee wat hulle nodig het om te kan groei en floreer. Ek is opgewonde om ook in 2022 jul as gesin se hande te vat en die jaar saam met jul in te stap.

Hier is 10 van my gunsteling dinge sodat julle my ook bietjie beter kan leer ken.

1. **Kleur –** Wit en beige
2. **Kos –** Hoenderlewertjies / soos my kinders sal se 'weird' kos
3. **Gunsteling blom:** Tulp en Protea
4. **Stokperdjies** – Stap in die natuur, Legkaart bou en skryf
5. **Fliek –** MammaMia en enige animasie films
6. **Vakansieplek –** Dullstroom, Kaap en die plaas
7. **Soetding –** Kit-kat
8. **Dier –** Kameelperd
9. **Boek –** my bedkassie is vol :), gunstelinge is Francine Rivers, Lucinda Riley en artikels oor Narratiewe terapie en breinontwikkeling
10. **Liedjie –** Confidence van Sanctus Real

**Wanneer verjaar Juffrou:**

30 April (elke jaar)

**Waar het Juffrou groot geword?**

Op 'n plaas in Delmas

